

Saterdag 24

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 13:6-12
FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 13:9, 12

Sergius Paulus – Deur sy Gees wek hulle woorde lewe

Die eiland Siprus was 'n Romeinse imperiale provinsie onder beheer van die Romeinse Senaat en die bestuur van die Romeinse goewerneur, Sergius Paulus. Lukas meld dat hy 'n verstandige man was, en as sodanig was hy gretig om meer oor God te leer. Daarom is daar in sy diens die Jood genaamd Barjesus, wat homself as 'n profeet van God voorgedoen het. Sy Griekse naam, Elimas, wat towenaar beteken, openbaar egter sy ware kleure. Geen wonder daarom dat hy alles in sy vermoë doen om die ware evangelie, waarvan Barnabas en Paulus die draers is, teen te staan nie. Sy eie selfsugtige oorwegings word instrument in die hande van die duiwel.

Alhoewel die evangelie van Jesus Christus deur 'n mens (Paulus) verkondig word, word dit deur die Heilige Gees bekragtig. Ons weet dat Paulus die Heilige Gees ontvang het toe Ananias hom die hande opgelê het; ons weet ook dat dit dieselfde Gees is wat hom uitgestuur het, maar nou lees ons vir die eerste keer dat hy met die Heilige Gees vervul word. Die resultaat hiervan is dat Elimas se teenstand misluk en die waarheid van die evangelie sodanig bevestig word dat Sergius tot geloof kom.

Hierdie gebeure laat my onwillekeurig dink aan Jesus se opdrag aan sy dissipels, naamlik dat hulle eers in Jerusalem moes wag totdat die Heilige Gees uitgestort word. Die Heilige Gees gee die vrymoedigheid, die toerusting en die krag om waarlik missional te wees! Jou en my mond behoort soos dié van Paulus die evangelie die wêreld in te dra.

Dalk huiwer jy omdat ons met soveel bewondering na Paulus kyk en teenoor hom uiters minderwaardig en onbekwaam voel. Kyk dan verby Paulus en sien die krag van die Heilige Gees raak. God spreek deur mense ... en deur die krag van sy Gees wek hulle woorde ware lewe!

Sing: Skrifberyming 14-1:1

Ds. D (Dirk) Pansegrouw (Hoëveld)